Netwerk24 en NB-Uitgewers
Bied aan:
LUISTERDRAMA-KOMPETISIE

DIE KROKODILTEMMER

Opnamedatum :
Uitsaaidatum :
Regie :

ROLVERDELING:

1. JAN WEGENAAR (ongeveer 45 – sterk, manlik) ……..
2. KAREN WEGENAAR (sy vrou, ongeveer 43 – gemoedelik) …….
3. LALIE (hul dogter, 19 – platjie) ……
4. KLEINJAN (Jan se seun uit n vorige huwelik. 25. - opportunis) …..

TEMAMUSIEK. TONEEL 1: DOOF NA PLAASKOMBUIS. OGGEND.

1.LALIE : (SMEKEND) Ma, kan Unathi nie maar vanjaar saam met ons Gansbaai toe gaan nie?

2.KAREN : Unathi? Saam met ons? See toe?

3.LALIE : Ja. Hoekom nie?

4.KAREN : Moenie laf wees nie, Lalie.

5.LALIE : Asseblief, Mamma.

6.KAREN : Unathi wil seker saam met haar eie mense Kersfees hou.

7.LALIE : Sy het nog nooit die see gesien nie. Ek het gedink dit sal lekkerder wees om 'n goeie pel daar te hê. Asseblief, Mamma. Daar is niks om te doen op Gansbaai nie. Ek raak verveeld op my eie.

8.KAREN : Op jou eie? Maar ek en jou Pa is dan daar. En Kleinjan. Ons gaan juis Kersfees Gansbaai toe om kwaliteit tyd as 'n gesin saam deur te bring.

BYKLANKE : SIFDEUR KRAAK OOP EN KLAP TOE

9.KLEINJAN : (GROET, LEWENDIG) O, hallo julle!

1. KAREN: Hallo Kleinjan. Ag, hoeveel keer moet ek vir jou sê om nie die sifdeur so te laat klap as jy inkom nie?

2. KLEINJAN: Skuus, Karen. Wat gaan aan? Hoekom lyk jy so, Lalie?

3. LALIE : Hoe lyk ek?

4. KLEINJAN: Nee wat, ek sê liewer niks. Maar as jou wangetjies so gloei, dan weet ek daar broei 'n ding waarvoor ons moet oppas!

MUSIEKBRUG. TONEEL 2. DOOF NA PLAAS. BUITE. LAATMIDDAG

5.JAN : (VER) Bring hulle hierdie kant toe, Petrus! Ons kan nie bekostig om nog skape te verloor nie!

6.KLEINJAN : Pa? Ek wil met Pa gesels oor iets.

7. JAN : (KOM NADER) Wat is dit, seun? Ek het vandag my hande vol hier op die plaas.

BYKLANKE : KLEINJAN SE SELFOON LUI

8. KLEINJAN: Ekskuus, Pa. Dis Lalie. Ek hoor gou of dit dringend is. Hallo Lalie?

9. LALIE : (OP FILTER) Kleinjan! Kom asseblief gou! Daar het iets verskrikliks in die kombuis gebeur!

ALGEMENE HANDLEIDING:

1. Gebruik die bostaande proforma.
2. Toneeloorgange en meegaande inligting tussen tonele word aangedui in hoofletters, word onderstreep en bevat hoofsaaklik 3 komponente: a) ‘n Musiekbrug, ‘n doof of ‘n kruisdoof; b) aanduiding van plek- binne of buite; en c) Tyd van dag of nag.
3. Spreekbeurtnommers en die name van karakters verskyn in een kolom links. Dialoog aan die regterkant (13 cm kolom).
4. Spreekbeurte word op **elke bladsy** van voor af genommer vanaf nommer 1. (Skrywers beveel aan dat die nommers van die spreekbeurte heel laaste gedoen word).
5. Identifiseer karakters aan die begin van tonele dat die luisteraar weet wie praat met wie.
6. Vermy verkieslik karakters onder die ouderdom van 12, aangesien dit opnames bemoeilik.
7. Byklanke word in die teks in hoofletters aangedui en word onderstreep.
8. Aanduidings vir spelers word in hoofletters tussen hakies in hulle spreekbeurte gedoen. As ‘n speler oor ‘n foon praat word dialoog deur (FILTER) voorafgegaan.
9. Dui perspektief aan bv (VER) indien n speler van ver af roep en dan nader kom, of (INTIEM) as ‘n speler bv. met homself praat of fluister vir n ander karakter.
10. Bladsye moet regs bo genommer wees.
11. Gebruik die font Book Antiqua 12 pt.
12. Laat ’n kantlyn van 2cm links en regs van ‘n A4 bladsy, en 3cm bo en onder op die bladsy.
13. Die lengte van ‘n radiodramateks is tussen 45 en 60 bladsye.
14. Die dokument word ge- “Save as” ‘n Word 97 – 2007 doc in Microsoft Word.